## ONDERWERP: BTW en OUDITVERSLAE

## OPLOSSINGS

### BASISLYNAKTIWITEIT

| Nr | BTW-eksklusief | BTW-bedrag | BTW-inklusief |
|---|---|---|---|
| **1-2** | **R800** | 800 x 0,15 =120 | 800 x 1.15 = 920<br>of 800 + 120 = 920 |
| **3-4** | 1 564 x 100/115 = 1 360 | 1 564 x 15/115 = 204<br>of 1 564 – 1 360 = 204 | **R1 564** |
| **5-6** | 450 x 100/15 = 3 000 | **R450** | 450 x 115/15 =3 450<br>of 3 000 + 450 = 3 450 |

### AKTIWITEIT 1

| Datum (2020) | Besonderhede | Bedrae | | | Verskuldig aan / deur SAID | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | BTW ekskl. | BTW | BTW Inkl. | BTW-inset | BTW-uitset |
| 5 Mei | Koop handelsvoorraad op krediet van verskaffers | **R60 000** | 9 000 | 69 000 | 9 000 | |
| 18 Mei | Verkoop goedere kontant | **R20 000** | 3 000 | 23 000 | | 3 000 |
| 29 Mei | Verkoop goedere op krediet | **R24 000** | 3 600 | 27 600 | | 3 600 |
| 5 Jun | Stuur goedere terug, wat voorheen op krediet gekoop is | 1 600 | 240 | **R1 840** | | 240 |
| 20 Jun | Koop toerusting op krediet | 5 500 | **R825** | 6 325 | 825 | |
| 30 Jun | Debiteure stuur goedere terug wat hul nie bestel het nie | 1 200 | **R180** | 1 380 | 180 | |

Totale bedrag **verskuldig** ~~aan /~~ **deur SAID** op 30 Junie 2020:
9 000 + 825 + 180 – 3 000 – 3 600 – 240 =R 6 765

### AKTIWITEIT 2

| | |
|---|---|
| **2.1** | **Watter soort ouditverslag het die maatskappy ontvang?** |
| | weerhouding van mening |
| **2.2** | **Gee TWEE voorbeelde van ouditbewyse wat die ouditeure met betrekking tot die probleem rondom sekere inkomstes en uitgawes sou benodig.** |
| | **Voorbeelde:**<br>Joernale, grootboeke, debiteure state, krediteure state, fisiese inspeksies, bankstate, EFO bewyse van betalings |
| **2.3** | **Verduidelik wat die direkteure sou kon doen om die mening van die ouditeure ten opsigte van die terugkoop van aandele te voorkom. Verskaf TWEE punte.** |
| | **Voorbeelde:**<br>Doen aansoek om beleggings te laat uitbetaal;<br>Stel die terugkoop van aandele uit (totdat die likiditeitsposisie verbeter het)<br>Verseker dat die ouditeure en direkteure voldoen aan die nuutste Maatskappyewet<br>Moedig meer kontantverkope aan / ontslae raak van voorraad |

**AKTIWITEIT 3**

**3.1 Bereken die bedrag ontvangbaar van of betaalbaar aan SAID vir BTW op 30 April 2020.**

| Bewerkings | Antwoord |
|---|---|
| 31 780 – 67 200 + 103 500 – 2 610 – 2 940 + 6 150 =<br>of<br>-31 780 + 67 200 – 103 500 + 2 610 + 2 940 – 6 150 = | R68 680 |
| **Ontvangbaar/Betaalbaar:** **B**etaalbaar | |

| BTW KONTROLE | |
|---|---|
| 67 200 | 31 870 |
| 2 610 | 103 500 |
| 2 940 | 6 150 |
| **68 680** | |

| BTW KONTROLE | |
|---|---|
| 31 870 | 67 200 |
| 103 500 | 2 940 |
| 6 150 | |
| | **68 680** |

**3.2 OUDITVERSLAG**

**3.2.1** **Kies die korrekte woord uit dié wat tussen hakies gegee word.**

ongekwalifiseerd

**Gee EEN rede.**

Dit is 'n goeie verslag
Die woorde: 'redelike weergawe' dui aan dat die ouditeure op geen probleme afgekom het

**3.2.2** **Gee EEN rede waarom die Maatskappywet vereis dat publieke maatskappye deur 'n onafhanklike ouditeur geoudit moet word.**

Onafhanklike mening sal voorgehou word; Skeiding tussen bestuur en eienaarskap; Belange van die aandeelhouers word beskerm; Onderneming werk met aandeelhouers se geld; Om die moontlikheid van bedrog op te spoor/ te verminder

**3.2.3** **Koerantberigte het aangedui dat Eagle Eye Geïnkorporeer aan wanbestuur skuldig bevind is ten opsigte van ouditwerk wat by verskeie firmas gedoen is. Verduidelik hoe dit aandeelhouers van Kilimanjaro Bpk. kan beïnvloed. Noem TWEE punte.**

- Aandeelhouers sal nie op die ouditverslag kan staat maak nie
- Aandeelhouers sal nie ouditeure weer her-kies op die volgende AJV nie (sal ontslaan word)
- Aandeelhouers mag dalk op 'n heroudit aandring deur 'n ander betroubare ouditfirma
- Aandeelhouers mag aandring op regstappe as die oudit bedrieglik gedoen is
- Bestaande aandeelhouers mag dalk van hulle aandele ontslae raak/ verkoop